



Op die
reguit-
pad
kyk jy
DEUR
gister na
eergister.



Op die
kronkel-
pad
kyk jy
OOR
gister na
eergister.

EERSTE JAARGANG.

WOENSDAG, 24 JUNIE 1942.

No. 32.

Kan Republiek Deur 'n Algemene Verkiesing Verkry Word?

Geskiedenis Bewys die Teendeel

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Die „verpolitieke” Afrikaner en sy party-
pers beweer vandag dat die politieke party die
alleenreg het om in staatkundige aangeleent-
hede namens die volk te praat, en dat die poli-
tieke party die enigste organisasie is wat die
Republiek kan verkry. Aangesien alle politieke
partye, onder die Britse stelsel, van stemme en
die stembus afhanklik is, word verder beweer
dat 'n dergelike republiek alleen langs evolusio-
nêre konstitusionele weë, d.w.s. deur middel
van die stembus, bewerkstellig kan word.

Alle republikeinsgesinde Afrikaners word der-
halwa op erg ondemokratiese wyse gelas om
hulle onder die leiding van die demokratiese
politieke party te skaar en om hul stemme ten
gunste van die party uit te bring. Indien Afri-
kaners aan hierdie bevel nie gehoor gee nie,
word sanksies op hulle toegepas. Op hierdie
ondemokraties-evolusionêr-konstitusionele ma-
nier wil 'n demokraties-parlementêre party die
grootste revolusie wat hierdie land al ooit ge-
sien het, teweegbring, nl. die Republiek van
Suid-Afrika.

Partyregering en die Evolusionêre Weg.

Hierdie sogenaamde republikeinse program
van 'n huidige politieke party is egter niks
anders as volksbedrog en uitbuiting van die
volksentiment nie. Dit is vreemd aan die hele
wese van ons stelsel van partyregering dat hy
hom aan iets revolusionêrs, soos die uitroeping
van 'n republiek, sal waag. Alleen onverant-
woordelike opposisiepartye sal soiets doen. Die
beste bewys vir hierdie stelling word deur die
geskiedenis van die Britse parlementarisme self
gelewer. Hierdie stelsel, waarvan ons huidige
staatkundige organisasie so 'n getroue naboot-
sing is, het sedert sy ontstaan uit die Engelse
revolusies van die 17de eeu, sonder uitsondering
die evolusionêre weg gevolg. Hoewel Brittanje
langs hierdie weg van „we somehow muddle
through”, soos die Brit dit graag uitdruk, veel
bereik het, is daar nog altyd 'n hele boel nasio-
nale vraagstukke waaraan regeringspartye, uit
die aard van hul wese, hulle nooit gewaag het
nie. Terwyl Britse parlementarisme en sy
„muddling through” gedurende die veilige en
voorspoedige 19de eeu sonder alte groot gevaar
bekostig kon word, het Brittanje en die Em-
paaier in die 20ste eeu voor nasionale en inter-
nasionale vraagstukke te staan gekom wat nie
langer deur parlementarisme en evolusie nie,
maar slegs deur revolusie en deur revolusionêre
middels opgelos kan word.

Partyregering se Onmag.

Dit is egter onnodig om regeringsonmag in
die geskiedenis van die Britse parlementarisme
te gaan soek. Suid-Afrika self, met sy rege-
ringstelsel wat in oorsprong, wese en funksione-
ring Brits is, lewer oorvloedige bewyse van die

magtelosheid van partyregering. Dit het reeds
spreekwoordelik geword dat politieke partye op
die vooraand van parlementêre verkiesings veel
kan belooft maar weinig kan uitvoer sodra hulle
eers eenmaal aan die bewind kom. Geen wonder
dat Suid-Afrika vandag oorlaai is met onopge-
loste vraagstukke soos die Armeblankekwessie,
die Naturelle- en Indiërvraagstukke, om slegs
'n paar te noem. Met al ons grootdoenery is
ons vaderland vandag 'n land wat aan die dode-
likste krankhede ly, krankhede wat nie langer
deur verdowingsmiddels en selfs nie deur kaster-
olie genees kan word nie, maar alleen deur 'n
snykundige operasie verwyder kan word. Hier-
die snydokter kan nie 'n politieke party onder
die huidige Britse bedeling wees nie.

En tog is dit juis 'n politieke party, en dit
nogal 'n steeds meer en meer „afskilferende”
party, wat vandag die ambisieuse republikeinse
program uithang. Hoe verklaar 'n mens dit dat
'n politieke party, wat deur verkeerde leiding
en voorligting nie eers in staat is om eenheid
onder die republikeinsgesinde geleedere te bewaar
nie, dit aandurf om Suid-Afrika in 'n republiek
om te skep? Is dit 'n politieke party wat in die
jongste tyd tot 'n magtelose opposisiepartytjie
— slegs een van verskeie opposisie-groepe teen
die Smuts-regering — gedaal het, erns met die
Republiek?

Republiek word nie deur die Stembus verkry nie.

Die enigste doeltreffende wapen van 'n poli-
tieke party onder die Britse stelsel is die stem-
bus by geleentheid van parlementêre verkiesings.
Behaal 'n politieke party 'n duidelike stembus-
oorwinning by 'n algemene verkiesing, dan kom
hy in 'n magtspesie. Behaal 'n republikeins-
gesinde politieke party dus 'n stembus-oorwin-
ning, dan kom hy in 'n magtspesie om 'n repu-
bliek uit te roep. In die praktyk sal dit egter
nie so maklik gaan nie. Vireers hang dit in die
huidige omstandighede af van die regering van
die land wanneer 'n algemene verkiesing gehou
sal word. In die geval van Suid-Afrika sal dit
dus afhang van die Empaaiergesinde Smuts-
regering. Dit kan dan ook met sekerheid aan-
geneem word dat die Regering 'n verkiesing sal
uitskryf op 'n tydskip wat vir hom en sy beleid
die gunstigste is en vir die republikeinsgesinde
party natuurlik die ongunstigste is.

Verder sal die republikeinsgesinde party sy
republikeinse program vóór die verkiesing duide-
lik en onomwonde aan die kiesers moet voorlê.
Onder huidige omstandighede en as die gemeng-
de bevolking van Suid-Afrika in aanmerking ge-
neem word, kan die uitspraak van die kiesers
maar alleen teen die Republiek gaan. Onder
teenswoordige omstandighede sal van die vier
provinsies waarskynlik alleen die Oranje Vry-

staat 'n beslissing ten gunste van die Republiek
gee.


Dit kan dus aangeneem word dat die stembus
onder huidige omstandighede nie vir ons die
Republiek sal bring nie. Selfs 'n volkstemming,
wat by hierdie bespreking nie tuihoort nie, kan
buite rekening gelaat word, aangesien die hui-
dige Smuts-regering, onder tans bestaande om-
standighede, nie daarvan gebruik sal maak nie.
Volkstemmings is origens onbekend in ons
staatsmasinerie.

Republiek kan alleen op Revolusionêre Weë verkry word.

Is dit dan onmoontlik vir Suid-Afrika om 'n
republiek te word? Nee, sekerlik nie! Die ge-
skiedenis lewer volop bewyse van kolonies en
ondergeskikte geweste wat republieke geword
het, van kolonies wat die bande met die moeder-
land verbreek het. Daar is b.v. die groot aan-
tal Noord- en Suid-Amerikaanse republieke wat
uit Britse, Spaanse en Portugese kolonies ont-
staan het. Daar is in Suid-Afrika die voorbeeld
van Transvaal ná die Eerste Vryheidsoorlog.
In al hierdie gevalle is die onafhanklikheid egter
nie deur die stembus verkry nie. Kolonies word
nie republieke op evolusionêre wyse nie maar
op revolusionêre weë en deur revolusionêre mid-
dels. Die bande met die moederland word ge-
woonlik verbreek wanneer die kolonie 'n bepaal-
de peil van rypheid en mondigheid bereik het en
hom sterk genoeg gevoel om die moederland se
voogdyskap af te skud. Gewoonlik gaan die
kolonie tot hierdie stap oor wanneer die moeder-
(Vervolg op bls. 2)

Waarde
vir geld

Kommando



-sigarette

Schoemannelo-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-
HEID DIE GOEDKOOPSTE

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemeng- de kassie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kassie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraai-Cocktail	3/6	3/-	—
Likeurwyn	2/-	1/8	8/6
Jeripigo, Rooi	1/3	1/1	6/-
Jeripigo, Wit	1/3	1/1	6/-
Soet Muskadel	1/2	1/-	5/6
Port	1/2	1/-	5/6
Worcester Hock	1/1	11d.	5/-
Pontak	1/1	11d.	5/-
Spesiaale Sjerrie	11d.	10d.	4/6
Sjerrie	10d.	9d.	4/-

BRANDEWYNE:

Schoemannelo	5/9	5/-	26/6
Ekstra Spesiaal	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	24/-

JENEWER

	6/-	5/-	—
--	-----	-----	---

LIKEURS:

Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Gemmer-Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Lemoen Brandewyn	5/-	4/3	24/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	24/-
Van der Hum	5/-	4/3	24/-

JENEWER LIKEURS:

Lemoen Jenewer	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenewer	6/-	5/-	—

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouders solank ons voorraad van inhouders het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouders binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kassies verlang word moet u u eie inhouders aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-gellingvaatjies of groter. U kassie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na silyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN
POSBUS 142, OUDTSHOORN.

Kan die Republiek deur Algemene Verkiezing verkry word?

(Vervolg van bls. 1)

land self met ander moondhede in oorlog gewikkel is of magteloos is om die koloniale bande te handhaaf. As die moederstaat 'n oorlog verloor, word sy selfstandige kolonies of onafhanklik of hulle word deur die oorwinnaar ingelyf. Dit hang natuurlik baie af van die soort van kolonie.

Die Ierse Vrystaat.

Soms word die Ierse Vrystaat deur partypolitici hier te lande aan republikeinse Afrikaners voorgehou as 'n navolgingswaardige voorbeeld van hoe die Republiek op konstitusionele wyse verkry kan word. 'n Ongelukkiger voorbeeld is moeilik denkbaar. Die Ierse Vrystaat beskik oor 'n homogene bevolking, iets wat in Suid-Afrika natuurlik glad nie bestaan nie. Verder het die Ierse Vrystaat sy huidige status nie aan 'n algemene verkiezing te danke nie maar aan onkonstitusionele maatreëls. Die Ierse Vrystaat is origens ook maar slegs in naam 'n Republiek. 'n Deel van Ierland is nog altyd 'n erg lojale Britse kolonie wat heftig teen aansluiting by die Ierse Vrystaat gekant is en wat 'n dreigende gevaar vir Suid-Ierland vorm. Dat Suid-Ierland in die huidige oorlog neutraal is, bewys niks nie. Ook Suid-Afrika kon neutraal gebly het. Dat 'n versende Ierse regering vroegtydig van sy „Simonstowns" ontslae geraak het, bewys politieke vernuf en niks meer nie. Nee, die Republiek van Suid-Afrika wil meer as 'n Ierse Vrystaat wees.

Uit dit alles is dit duidelik dat ondergeskikte geweste soos kolonies en dominiums nie deur middel van die stembus tot soewerein onafhanklike republieke kan ontwikkel nie. Dit is derhalwe nie die evolusionêre maar die revolusionêre weg wat gevolg moet word indien Suid-Afrika of Australië die bestaande Britse bande wil verbreek. En wat meer is, hierdie revolusionêre weg word nie net bewandel deur die moederland en die kolonie nie, maar 'n vreemde moondheid of moondhede is ook wel teenwoordig. So het Frankryk b.v. seggenskap gehad


toe die onafhanklikheid van die Amerikaanse kolonies deur Engeland erken moes word en Brittanje het ook aandeel gehad in die vrywording van die Spaanse kolonies in Suid-Amerika. Dit kan dus aangeneem word dat die komende Republiek van Suid-Afrika 'n aangeleentheid sal wees waarvoor nie alleen Brittanje en Suid-Afrika nie, maar ook die Spilmagte sal moet beslis indien die Geallieerdes die oorlog verloor. Wen laasgenoemdes die oorlog dan bly die Republiek van Suid-Afrika voorlopig 'n akademiese kwessie.

Die verloop van hierdie oorlog het egter reeds bewys dat die Republiek van Suid-Afrika nie 'n akademiese kwessie is nie. Daar is ook tien-duisende Afrikaners wat gelukkig nie langer deur wêreldvreemde politieke leiers en 'n steriele partypolitieke pers mislei kan word nie. Hulle begryp maar alte goed dat die huidige wêreldgebeure „'n bepaalde en onherroeplike stap in die rigting van 'n nuwe en radikaal-ondersoortige tydperk is. Die mensdom tree oor die drumpel na die Revolusie van die Twintigste Eeu. Die wiel van die geskiedenis draai na die nuwe bedeling." Die Afrikanerdom begryp intuitief dat sy heil nie in die stembus geleë is nie maar in die nuwe wêreldbedeling. Die komende Republiek van Suid-Afrika sal dan ook wess 'n produk van die Revolusie van die Twintigste Eeu en ingerig volgens die grondbeginsels van die nuwe wêreldbedeling.

KOMMANDANT-GENERAAL OP LOUIS TRICHARDT

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het 'n vergadering van duisend mense voorverlede Donderdagaand op Louis Trichardt, Transvaal, toegesprek. Die middag is hy deur 'n perdekommando buite die dorp ontmoet, aan die spits waarvan hy na die terrein gery het. Meer as vyfhonderd brandwagte het hom in gelid opgestel, ingewag. Die Kommandant-generaal het ook 'n kranselegging op Schoemansdal waargeneem die middag.


Die funksie het die bedrag van £103 opgebring.



GROOT OOMBLIKKE

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf of ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie maar ook vir die TOEKOMS.

'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'n Sanlam-polis.



SUID-AFRIKAANSE NATIONALE
LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

TAKKE DWARDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

BELE U GELD

waar dit van

3½% tot 5%

rente kan verdien.

Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

**SPOORBONDKAS
BEPERK**

Posbus 8289. Johannesburg.

Takke oor die hele Unie.

Misdadige Uitbuiting van Werkers deur Goudmyne

Teringlyers Verplig om Lewe te Verkort Weens Ontoereikende Pensioen

In 'n memorandum wat deur die Afrikaanse Mynwerkersvereniging aan die Minister van Mynwese voorgelê is, word die aandag gevestig op misstande in ons myne wat alleen in 'n kapitalistiese land geduld kan word. Geen staat wat die belange van sy volk en veral van die arbeidende deel op die hart dra, sal oogluikend toelaat dat die kragte en lewens van mense so uitgebuit word nie.

Die memorandum wys daarop dat die goudmyne sedert 1884 'n opbrengs gelewer het ter waarde van £1,756,000,000. In 1940 alleen was die netto-wins van die goudmyne meer as £43,000,000. Maar oor die tydperk van 1911 tot 1941 het die goudmyne die skamele bedrag (vergeleke met sy geweldige winste) van £22,318,908 ten opsigte van myntering uitbetaal. In daardie tydperk het die myntering 12,000 blanke slagoffers opgeëis waarvan 10,000 sterfgevälle. Indien die gesin van die myntering-lyers bereken word op gemiddeld 'n vrou en drie kinders, het die 10,000 sterfgevälle 40,000 weduwees en wese nagelaat.

Uit 'n berekening blyk dat jaarliks minder as een-veertigste van die netto-wins van die goudbedryf bestee word aan myntering.

Volgens statistieke blyk dat die gemiddelde leeftyd van 'n mynwerker tussen 45 en 54 jaar is, terwyl die gemiddelde leeftyd van 'n gewone jong man van 25 jaar nog 42 jaar, dus 67 jaar, is. In vergelyking met hierdie gegewens word die lewe van die mynwerker verkort met gemiddeld 22 jaar, en indien die verlies van lone inbegrepe word, ly die gesin van die mynwerker 'n geldelike verlies van £3,800 oor die 22 jaar.

Die memorandum wys daarop dat dit 'n algemene regsbeginnel is dat elkeen wat skade aan sy mede-mens veroorsaak, dit ten volle moet vergoed — iets wat op verre na nie vandag geskied nie.

As gevolg van die ontoereikende mynteringspensioen word talle teringlyers verplig om aan te hou met ondergrondse werk met die gevolg dat hul lewe nog verder verkort word.

Die memorandum gaan dan in op die metodes ter voorkoming van myntering en verwys na die mediese bevinding dat werkers wat etlike maande tussen-in geen ondergrondse werk doen nie, in staat gestel word om beter weerstand te bied teen tering. Indien mynwerkers vroegtydig uit myne verwyder word, word myntering met vyf-

tig persent verminder. In verband hiermee doen die memorandum aan die hand dat daar vroegtydig bognondse werk vir mynwerkers gevind moet word, en 'n aantal soorte werk word ook genoem.

Die versoek is 'n bestaanbare lewenspensioen aan alle ongeskikte mynwerkers en hul gesinne met voorsiening vir 'n lewenspensioen aan die weduwee tot sy hertrou en aan sy kinders tot op 21-jarige leeftyd; verwydering van arbeidsgeskikte werkers sodra tekens voorkom dat hulle toring of ander siektes opgedoen het na niegevaarlike bognondse werk; 'n pensioenfonds waartoe die mynbedryf, die Regering en mynwerkers bydra; gratis spesiale mediese diens vir alle mynwerkers ten opsigte van kwale opgedoen in die loop van hul werk, en 'n mediese appèl-raad wat die ongeskiktheid van die werker moet vasstel.

Hierdie versoeke kom so billik voor dat dit eintlik snaaks is dat dit gestel moet word. Vir enige ordentlike regering sou dit 'n skande gewees het as sulke dinge aan hom gevra word voordat hy dit gee. Maar waar 'n land onder die septer van die kapitaliste staan, het die mynbase natuurlik die laaste woord.

TE KOOP

Opreg en Suivergeteelde
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES

en
GLADDEHAAR BOERBOK-
RAMME

Pryse Billik!!

Tevredenheid Gewaarborg.

Besonderhede van:

T. B. JORDAAN

P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-008.

K·W·V



U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur

Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.

Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.

K·W·V

(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)

Die Paarl, K.P.

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:

H. J. NIEHAUS,

Posbus 2108, Kaapstad

VOLKSKAS

IS U EIE

BANK!



Fondse oorskry £1,800,000.

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

GOUE MEDALJE VRUGTEBOME (Julie-Augustus planttyd)


Duisende Planters vanaf Kaap tot aan Samesie geniet die vrug van hul arbeid met HERHOLDT se beroemde bome, — hulle groei, dra en stel tevrede!

JUBILEUM, ons gevierde „Kersfees Elberta,” enorme draer wanneer ander Perskes faal. HERHOLDT'S K.B., ons nuwe prok selfkleurige geelvels, ryp vroeg Januarie, smaak van Tvl. Geelperske, £7-10-0 per 100. SUKER-BOSSIE — die lekker verbeterde Parwee, 5/- elk. Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elbertaperskes, Appelkose, Pruime, Nektariene, Kwepers, Appels, Granaat, Vye, vroeg tot laat soorte vanaf 1/-.

Pere, Kersies, Okkerneute, Moerbe, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruie. Aanvraag groot, bestel sonder versum.

Gefillustreerde Katalogus gratis.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE
Posbus 660, JOHANNESBURG.



DIE
KLEREMAKER
EN
UITRUSTER
VAN
KAAPSTAD



Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen

Hy gee berediging en verdien ondersteuning.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K. DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:


Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleveringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTURDER,
Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTURDER,
Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTURDER,
Bus 383, Bloemfontein.



DIE O.B., WOENSDAG, 24 JUNIE 1942.

Vegmetodes Wat Tot Wanhoop Lei

Nadat die H.N.P.-leiding die O.B. se beleid met huid en haar — die vlag inkluis — oorge- neem het, kan daar nie meer veel teen die Osse- wabrandwag se amptelike beleid sonder skade vir die Party self ingebring word nie. Nou word straatpraatjies van naamlose „O.B.-onder- steuners” opgediep as klippe om die O.B. mee te gooi. Die amptelike beleid van die beweging is te onaantasbaar.

So kom Die Burger van 15 Junie met 'n hoof- artikel waarin hy te velde trek teen die volgende uittaling in 'n private gesprek van „'n ontwik- kelde O.B.-ondersteuner”: „As Duitsland die oorlog verloor, kan ons maar Engelse word.” Die blad werk dit dan so uit dat hierdie uitla- ting die vrug moet wees van die O.B.-leiding se beleid!

As 'n mens die dag jou teenstander moet aan- val oor wat een of ander ongenoemde ondersteu- ner van hom êrens in 'n private gesprek sou gesê het, dan moet jou saak darem al die grense van hopeloosheid oorskry het.

Maar dit is nie die ergste nie. Wat die blad die O.B. nou in die mond probeer lê, naamlik dat 'n Duitse oorwinning „aan die Afrikaner- volk voorgehou word as sy enigste hoop”, is feitlik 'n woordelike uittaling van die leier van die H.N.P. Volgens Die Burger van 18 Julie 1941 het dr. Malan op Graafwater verklaar dat Engeland nie besig is om die oorlog te verloor nie, maar dat hy hom klaar verloor het. Hy het toe daarop laat volg dat Duitsland graag die Unie sal wil losmaak van die Britse Ryk en dat „op hierdie punt stem die Duitse begeerte en ons strewes ooreen.” Hy verklaar verder dat Duitsland met 'n vriendskaplike regering sal onderhandel oor die vryheid, en beklemtoon dan: „Dit is ons hoop en vertroue in hierdie krisisuur van ons volksgeskiedenis.” As daar dus vandag iemand is wat sê dat 'n Duitse oor- winning ons enigste hoop is, doen hy dit in na- volging nie van die O.B.-leiding nie, maar van die Partyleier.

Beleid toegeëien.

Nou sê Die Burger die O.B. verwerd die volk se vermoë op net een perd. Die Ossewabrand- wag se standpunt is egter herhaalde maal ge- stel, o.a. in Die O.B. van 29 April as volg: „Om die volk gedissiplineerd en inwendig gekonsoli- deerd so voor te berei dat hy die nodige stukrag moet besit om enige geleentheid wat hom mag voordoën, of wat hy deur sy voorbereiding self mag skep, aan te gryp om hom vry te maak . . . Om enige en alle stappe te doen wat die om- standighede dan mag bepaal as die geleentheid vir vrywording hom voordoën.”

Sonder om hom te steur aan hierdie ampte- like beleidsverklaring, kom die mondstuk van die Party en sê ons dubbel soos 'n avonturier, terwyl die party soos die verstandige staatsman maak: „Die staatsman hou hom gereed om, wat die omstandighede ook al mag wees, dié vir die bevordering van sy beginsels en sy strewes te probeer benut.” Aldus Die Burger!

Dus, nie alleen word die woorde van die „Volksleier” nou die O.B. in die mond gelê dat 'n Duitse oorwinning ons enigste hoop is nie, maar die O.B. se amptelike beleidsverklaring word nou onder die vierk van die Party inge- krap as die beleid van „die staatsman!”

Dit is 'n spel hierdie waaraan voorwaar geen kinders in die politiek kan deelneem nie!

Die Dobbelaar.

Die prettigste van hierdie spel van bejaardes in die politiek is egter dat dit juis die Party- leiding was wat wou dubbel, wat sy geld net op die stembus wou wed! Tot so 'n mate was dit die geval dat adv. Erasmus op Vryburg verklaar het: „Ek bedank u vir 'n republiek wat Engeland of Duitsland ons sal gee, want hy sal lyk (Vervolg op voet van volgende kolom)

„Die Pad van die Ossewabrandwag Is die Weg van Offer en Lyding”

Onderstaande boodskap met die oog op 8 Augustus is van genl. C. L. de Jager, A.K.G. van die Vrystaat, sedertdien in gevangeskap.

Die Ossewabrandwag is die enigste organisasie wat vir die voortbestaan en vrywording van die Afrikaner daadwerklik veg.

Nou dat alle ander metodes en middele gefaal het om ons vaderland te red en ons vryheid te verkry, bly daar nog net die een weg — dié van die Ossewabrandwag.

Hierdie weg gaan nie langs die pad van ge- maksug en lekker, sagte parlementêre kussings met 'n kruisie trek elke vyf jaar nie, maar langs die weg wat ons voorvaders gevolg het, naamlik offer en lyding. Op hierdie weg en vir hierdie sienswyse van die Ossewabrandwag sit manne in tronke vandag.

Terwille van sy deeglikheid van organisasie en sy stryd teen die geweldige kapitalistiese magte het hy fondse nodig.

Die huidige Regering met sy ontsaglike staats- kapitaal mik op die totale vernietiging van die Ossewabrandwag. Ook is daar die pers, Engels sowel as die „Nasionale” met 'n kapitaal van bykans tweemiljoen pond met hul bykomende Britse en Joodse advertensiegeldes waaruit hulle lewe.

„DAAR SAL GELET WORD OP LIDMAATSKAP”

Op 'n vergadering van die Herenigde Party- tak Tuine het adv. F. C. Erasmus, sekretaris van die Party, die volgende in 'n toespraak gesê, volgens berig in Die Burger van 13 Junie:

„Ek het opdrag gekry om dit duidelik te stel dat die huidige Nasionale Party nie weer die fout van sy voorganger in 1924 gaan maak met aanstellings e.d.m. as hy eers aan bewind kom nie. As daar vir 'n aanstelling tussen twee persone gekies moet word, en albei se bevoegd- hede dieselfde is, sal daar wel deeglik gelet word op hul lidmaatskap van 'n party.”

Sal ons hierop antwoord? Onnodig. Die Partyleiding kan vir homself praat: Dit was op 3 Maart hierdie jaar dat Die Burger in sy hoof- artikel hom oor hierdie saak as volg uitgespreek het na aanleiding van sy eie berig oor die Kom- mandant-generaal se toespraak op Majuba (ons verander net „O.B.” na „H.N.P.”):

„Watter uitnodiging aan al die gewinsoekers, aan almal wat hul eie sak bo die heil van hul volk stel, om betyds tot die H.N.P. toe te tree!”

Die artikel het dit ook genoem „'n beleid wat elke regskape Afrikaner so skerp in die Empire- party veroordeel het.”

Nou wonder mens of 'n beleid wesenlik ver- ander word as daar O.B. in plaas van H.N.P. geskrywe staan? Of sou drie maande en tien dae as lang genoeg tyd beskou word vir die volk om te vergeet?

soos hulle hom wil hê . . . daardie republiek lê op die pad waarop die stembus is!”

Nee, as daar vandag „ontwikkelde O.B.- ondersteuners” is wat wanhoop oor wat gaan gebeur as Duitsland die oorlog verloor, moet daardie wanhoop toegeskryf word aan hierdie sinnelose beleid van volksverdeling deur verskille te soek by eendersdenkendes op so 'n skaal dat die eie uitsprake naderhand in die mond van die gewaande teenstander gelê word en sy beleid weer deur jouself toegeëien word net om ver- deeldheid te kan saai en republikein teen repu- blikein op te hits.

As iemand vandag verklaar dat dit met die Afrikanervolk klaar sal wees as Engeland wen, dan is dit net omdat hy bewus geword het van die feit dat as Duitsland wen, 'n verdeelde Afri- kanerdom darem miskien nog sy vryheid kan ontvang, maar as Engeland wen, het 'n volk wat deur hierdie „volksleierskap” in flarde ge- skeur is oor sulke nietighede dat dit naderhand ook nie meer saak maak wat die verskilpunte is nie, volstrekt geen hoop om voort te bestaan nie, altermens om 'n republiek by 'n stembus te verkry.

Op die 8ste Augustus 1942 moet ons met groot kraginspanning probeer soveel fondse insamel vir die organisasie as moontlik.

Ons as Ossewabrandwag glo dat ons vryheid 'n stryd is, en nie 'n guns of gawe nie — 'n stryd met opoffering en ontbering; 'n stryd wat ons geërf het van ons voorvaders en 'n taak wat ons met eer moet volbring. Dit is die stryd van 'n verarmde volk vir sy voortbestaan; 'n stryd vir herowering van ons vryheid.

Dit is die laaste kans om onself met eer te red.

C. L. DE JAGER,
A.K.G. Oranje-Vrystaat.

Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproef- de lesings van die Helpmekaar Kor- respondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid- Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.....

Naam:.....

Adres:.....

(O.B. 27 Mei 1942)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A.
(S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Vede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N.
van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh,
A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

Vryheid vir Skuldbekentenis — Internering vir Ontkenning

Politieke Verhoor van Manne Wie se Skuld nie Bewys kan word

'n Persoon wat vier maande gelede deur die polisie aangehou is omdat hy, volgens bewering, telefoondrade sou geknip het, het onlangs in die Nelspruitse magistratshof verskyn en „skuld beken” op die aanklag teen hom, maar omdat daar geen getuienis teen hom was nie, moes die magistraat hom ontslaan en hom op vrye voete stel.

Hierdie eienaardige voorval was die klimaks van 'n reeks nog eienaardiger gebeure in die omgewing. Aan die begin van die jaar is 'n groot aantal telefoondrade in die omgewing van Nelspruit geknip. Die polisie het 'n groot aantal persone, onder wie ook 'n aantal staats-amptenare, in hegtenis geneem en in die tronke op Nelspruit en Barberton aangehou. Vier maande lank het hierdie persone in die tronke vertoef, sonder dat 'n aanklag teen hulle ingebring is.

Gedurende hul verblyf in die tronke is, na beweer word, aan hulle gesê dat indien hulle skuld beken op die aanklagte van kwaadwillige beskadiging van eiendom, hulle lig beboet sou word. Aan hulle is ook gesê dat indien hulle nie skuld beken nie, hulle geïnterneer sal word.

Sommige van die persone het die „aanbod” aanvaar, in die hof verskyn, „skuld” beken en getuienis teen hulself afgelê. Hulle is skuldig bevind, lig beboet en toegelaat om huis-toe te gaan. Die meerderheid van hulle het egter geweier om skuld te beken en verklaar dat hulle geen skuld daaraan het nie. Hulle is nooit aangekla nie, maar na die Koffiefonteinse interneringskamp gestuur.

Die persoon wat skuld beken het, maar tog ontslaan is, is in die hof verdedig deur 'n Engelssprekende prokureur. Op die aanklag het hy skuld beken, maar omdat geen persoon kragtens die Unie se regstelsel, skuldig bevind kan word indien daar nie getuienis is om sy skuld te bewys nie, moes die magistraat getuienis teen die persoon aanhoor. Polisie-getuienis was daar nie. Die beskuldigde is gevra of

hy telefoondrade geknip het, maar het ontken dat hy dit ooit gedoen het.

Die aanklaer het sy ontevredenheid in die hof te kenne gegee en verklaar dat ooreengekom is dat die man sal skuld beken. Die beskuldigde se prokureur het erken dat dit die geval was en dat sy kliënt dit wel gedoen het, maar gesê dat sy kliënt hom tog nie skuldig kan maak aan meenede deur te verklaar dat hy drade geknip het, as hy dit nie werklik gedoen het nie. Hy het verklaar dat sy kliënt onder dwang van buite skuld beken het omdat hy met internering bedreig is indien hy dit nie doen nie.

Die magistraat was verplig om die persoon onskuldig te bevind en te ontslaan en hy is tans op vrye voet. Ander persone wat moontlik net so onskuldig soos hy is, maar wat geweier het om skuld te beken, is geïnterneer.

Tans is daar nog vier van hierdie manne in die gevangenis op Nelspruit. Drie weke gelede is hulle voor die magistraat gebring. Hulle het geweier om skuld te beken op 'n aanklag van kwaadwillige beskadiging van eiendom. Daar was geen getuienis teen hulle nie en aan hulle is gesê dat hulle saak voor die Minister van Justisie gelê sal word. Dusver het hulle nog niks van die kant van die Minister verneem nie.

105 Takke
40,000
Lede

AVBOB

Reserwefonds
£90,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTONE

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

Raadpleeg Sasbank.

PAARL:

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327,

Posbus 266.

KAAPSTAD:

Parlementstraat 32,

Posbus 2387.

WORCESTER:

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek

Steyns

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

ONDERWYSEERS!

Kies u Skool-handboeke uit die welbekende en populêre „Voortrekkerreeks.”
Eenvoudig! Deeglik! Vertroubaar! Standaard!

AFRIKAANS:

- Afrikaanse Spraakkuns, derde verbeterde druk, deur prof. dr. A. C. Bouman en prof. dr. E. C. Pienaar. ('n Standaard Werk) 4/6
- Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, deur prof. dr. S. F. N. Gie. ('n Standaard werk) 6/-
- Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II, deur prof. dr. S. F. N. Gie 7/6
- Geskiedenis van Suid-Afrika, (1700—1914, deur Eric Stockenström, B.A. 7/-
- Europese Geskiedenis (1775—1919), deur Eric Stockenström, B.A. 6/6
- Geskiedenis-handboek vir die Junior Sertifikaat deur Eric Stockenström, B.A. 5/6 (Ook in Engels verkrygbaar.)
- Historiese Atlas van Suid-Afrika, deur Eric Stockenström, B.A. 20/-
- Aardrykskunde en Geskiedenis, vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A. 6/6
- Die Renaissance, vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A. 1/4
- Die Verdedigingsstelsel aan die Kaap, onder die H.O. Kom. (1652—1759), deur P. E. Roux, M.A. 7/6
- Trigonometrie, deur dr. E. T. Stegmann 4/6
- Meetkunde vir Junior- en Senior-Sertifikaat, (volgens die nuwe syllabus), deur Du Toit en Pretorius 6/6
- „Per Aspera,” Eerstejaar Latynse Lees- en Grammatika-Handboek, deur J. J. Strasheim, M.A., met medewerking van prof. P. van Braam, Ph.D. 4/6

- Natuurkundige Terme (Engels-Afrikaans), deur D. J. du Plessis, B.A., (Lektor in Skeikunde, P.U.K.) 1/-
- Beknopte Leerboek oor die Natuurkunde, deur prof. W. E. Malherbe. Oor die 300 bladsye. (Ryk geïllustreer) 12/6
- Landbou, volgens die Junior-Sertifikaat Leerplan, deur H. G. Viljoen, B.Sc., Agric. 6/-
- Liggaamsoopvoeding in die Skool, deur dr. A. Obholzer 5/-
- Inleiding tot die Natuurwetenskappe, bewerk en uitgebrei tot en vir Matriek, deur prof. W. E. Malherbe, prof. dr. C. D. van der Merwe en prof. dr. D. F. du Toit. (Ryk geïllustreer en baie oefeninge) 7/6
- Fiesiese Genie, deur prof. dr. D. F. du Toit 10/6
- Landbou-bakteriologie, deur prof. dr. P. A. van der Byl en prof. I. de V. Malherbe 12/6
- Handboek oor Wynbou, deur prof. dr. A. I. Perold. (Ryk geïllustreer. 'n Standaard Werk) 17/6
- Eksperimentele Physiologie, deur dr. H. E. Brink 10/6
- Praktiese Physiologie, deur dr. H. E. Brink 5/-
- Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho, deur dr. B. I. C. van Eeden 11/9
- Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde, deur dr. J. Chris. Coetzee 6/-
- Skandinaawiese Vertellings, deur prof. A. C. Bouman, Litt.D., en dr. C. G. S. de Villiers, M.A., Ph.D. 5/6

ENGELS.

- History Handboek, for Junior Certificate, by Eric Stockenström, B.A. 5/6
- New Matriculation History, (Part I), by Eric Stockenström, B.A. 5/6
- New Matriculation History (Part II), by Eric Stockenström, B.A. 6/6
- Geometry for Junior and Senior Certificate, (New Syllabus), by Du Toit and Pretorius 6/6
- Trigonometry, by Dr. E. T. Stegmann 5/6
- Common Idiomatic Phrases, for Matriculation Students, by Rev. P. J. Loseby, M.A. 2/6

BIBLIOTEEK- EN PRYSBOEKE.

- Vername Persone uit die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, deur Eric Stockenström, B.A. 6/-
- Die Afrikaanse Vrou, deur Eric Stockenström, B.A. 8/-
- Maryna, deur mev. Malherbe-Carinus 5/-
- Die Ou Bybel, deur mev. S. Niemeyer 3/6
- Die Arme Blanke, deur Willem Landman 3/6
- Die Eerste Afrikaanse Grappebundel 5/-
- Mietes en Sagas (geïllustreer), deur mev. P. van Braam 6/6
- Suid-Afrikaanse Soogdiere, (Leesboek), deur dr. C. S. Grobbelaar, met 'n voorwoord deur prof. J. J. Smith, (Ryk geïllustreer) 6/6

LIEDERBUNDELS.

- Volksliedere (Deel I) 2/-
- Volksliedere (Deel II) 2/9
- Twintig Skoolliedjies, met Solfa en Aksies 3/-

Verkrygbaar by:

Pro Ecclesia-Drukkery, Bus 28, Stellenbosch

AAN DIE PENKOPPE

Olifante Help Mekaar

Die afgelepe tyd het ons heelwat aandag geskenk aan die bedrywighede van Penkoppe. Laat ons hierdie keer weer 'n bietjie teruggaan na ons diereverhale. Ek het eenmaal gelees van 'n grootwildjagter wat in die bosveld olifante geskiet het. Soos julle weet, loop olifante in troppe onder leiding van 'n groot bul. Hierdie leier van die trop is die sterkste en slimste van al die bulle. Daarom is hy leier. By die olifante is dit nie soos in die demokratiese lande waar die leier die man is met die meeste geld of die man wat die grootste lawaai kan maak nie. Hierdie olifantleier hou wag oor die veiligheid van die trop. Hy stel nie sy eie veiligheid bo dié van die ander olifante nie. O nee, as daar gevaar kom, sorg hy dat hy sy trop betyds waarsku al moet hy die koeël van die jagter kry. As daar 'n koei met 'n kalfie in die moeilikheid kom, sal die leier van die trop om-draai en hulle gaan help, al moet hy sy eie lewe daarby inskiet. Nou ja, dit is die regte manier van doen. 'n Mens moet vir jou volk en jou mede-Afrikaner altyd meer oor hê as vir jouself.

Maar nou wil ek vertel wat ek gelees het. Die jagter het daelank die trop olifante agtervolg om 'n paar van die grootstes te skiet. Eindelik het hy op die trop afgekom en so tussen die takke deur op hulle losgetrek. Daar het egter nie een agtergebly nie, hoewel die jagter goed geweet het dat hy raak geskiet het. Hy het toe maar weer op die spore van die trop aangestap, en die volgende dag kry hy hulle weer. En wat dink julle sou hy toe sien? Daar voor sy oë sien hy die olifant wat hy gekwes het, swaar gewond. Die arme dier kon amper nie meer loop nie, en was dit nie vir die leier van die trop en nog 'n ander groot bul nie, sou hy moes agterbly. Maar hierdie twee ander olifante stap weerskante hom en hou hom so tussen hulle orent dat hy nie kan omval nie! Hulle het nie kans gesien dat een van hul maats gewond agterbly, al moes dit ook hul gang so vertraag dat die jagter hulle kon inhaal!

Dit is wat die Ossewabrandwag bedoel as hy sê „een vir almal en almal vir een.” Ons moet nooit eerste aan onself dink nie, maar altyd aan ons mede-Afrikaners wat in moeilikheid is. As die ryand van ons volk 'n Afrikaner bankrot laat gaan of hom in die tronk stop, moet ons ander byspring en hom weer op die voete help. As ons met hierdie gees besiel is, sal ons ook nooit daaraan dink om 'n mede-Afrikaner te verrai nie, want as 'n dier soveel liefde vir sy mede-dier het dat hy sy eie lewe aan gevaar blootstel net om sy maat te help, hoe onwaardig is dit dan nie vir 'n mens om sy mede-volksgeenoot aan die ryand te verrai nie? Jul ereleidster, Elsabe Nel, het ook geweier om 'n Afrikaner uit te lewer al moes sy self daarvoor tronk-toe gaan.

TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaaneutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar gevestigd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. **RUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

Redes erken	£3,451 14 3
Vriend Claremont	1 0 0
Vriend Port Elizabeth	1 6
Mnr. Volschenk, Tounsvier	5 0
Mnr. Breytenbach, Bonnievale	1 0 0
Penkoppe, Prieska	10 6
Mnr. J. R. Liebenberg, Bredasdorp	2 0 0
Mnr. Brookes, P.K. Volgraafsig	10 9
Vroue-Kommando, Beaufort-wes en Disrik	1 10 0
Karoo-bos, Kaapstad	4 0 0
Mnr. Aret, McGregor	13 0
Lyste 527, 528 en 325 Manne-	
Kommando, Parow	6 1 0
Vriend, Kaapstad	5 0 0
Stellenbosch Werkgesleskap,	
Maandelikse bydrae	2 9 0
Manne-Kommando, Beaufort-Wes Dorp	3 10 0
Kanniedoods, Mowbray	1 9 0
Lys 110, Manne-Kommando, Aberdeen	10 8 9
Majuba-fes-Kollekte, Aberdeen	11 0 0
Lys 355 Manne- en Vroue-Kommando	
Rietbron oor Willowmore	4 0 0
Opvoering, Rietbron oor Willowmore	3 6 5
Vroue-Kommando, Robertson	2 11 0
Lys 427, Moblesfontein-stasie	9 5 9
	£3,522 3 2

Die volgende verdere bydraes in Transvaal tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

Reeds ontvang	£5,192 18 6
Kwitansie 2262 Oostl. B.N. Vriendekring	3 0 0
2264 Kommando 2B5	2 2 6
2269 Kommando 5B3	21 8 0
2271 Kommando 1A2	6 1 9
2273 Kommando 5C5	4 7 0
2274 Kommando 5C2	14 0 0
2275 Kommando 5C1	17 15 6
2276 Kommando 5C3	29 1 3
2277 Kommando 5C6	29 1 3
2278 Kommando 5C4	4 10 0
2281 Kommando 3C2	21 7 0
2282 Bydrae	1 0 0
2283 Bydrae	2 2 0
2284 Kommando 9A6	5 19 3
2285 Bydrae	3 0 0
2286 Kommando 13B3	36 1 3
2287 Kommando 3C5	19 0
2288 Kommando 8B4	8 14 6
2290 Kommando 9A3	18 14 9
2292 Bydrae	10 0
2293 Kommando 3C4	36 17 6
2294 Kommando 4B6	1 15 6
2295 Kommando 2A6	11 11 0
2301 Kommando 14C4	8 17 3
2302 Kommando 2A2	7 0 0
2303 Kommando 3A1	9 10 0
2305 Kommando 3B2	9 4 0
2307 Kommando 2A1	14 12 0
Totaal	£5,527 0 9

Geklassifiseerde Advertensies

DANKBETUIGING

KOMDT. en Ass. H/Komdte. Geldenhuys, wens hiermee, naas die Heer, hul innige dank te betuig aan Hoof-Generaal F. du Toit van Zyl en Dr. J. Bremer vir die bekwaame en sorgvuldige behandeling van Komdte. Geldenhuys, tydens haar verblyf van agt maande in die Volkshospitaal. Ons wil die personeel van die Volkshospitaal ook van harte bedank vir hul sorgsame verpleging. Ook ons opregte dank aan die K.G., die A.K.G., Generale, H/Kommandantes, Kommandante, Offisiere en Brandwagte van verskillende Kommando's vir hul gereelde besoeke en belangstelling. „ARBEIDSGENOT,” WYNNESTRAAT 13, PAROW.

VERLOWING

STANDER — RADEMEYER. — Ons twee, Lettie Stander en Coenraad Rademeyer, albei van Oudtshoorn, wens hiermee bekend te maak dat ons verlowings-boetjie veilig weggevaar het onder Gods Leiding na die hawe van geluk.

MIELIES TE KOOP

Mielies (Gr. 5 en 6)	16/-
No. 1 Gemengde Miellemeele	17/6
Ongesifte Geel Miellemeele	16/6
Geel Gebreekte Mielies	16/9
Koelmeele (150 lbs.)	9/6
V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. W. J. DU PLESSIS (Edms.) Bpk., Posbus 108, SENEKAL.	

TE KOOP

1 3-SKAAR 12 duim Moline Trekkerploeg in goeie werkende kondisie. Prys £22-10-0. 1 Skottel Disc vir Trekker. Skottels nog baie goed. Het agt nuwe busse nodig om te werk. Maak „Wild Boar.” Prys £26. Teen hierdie pryse word dit weggegee. Kan gesien word by, of skrywe aan:— J. G. KEMP, Bus 16, KIRKWOOD.

SPINWIEL. — So te sê nuut, kompleet met borsels. Prys £3, gelewer op Senekalstasie. Skryf aan mev. P. J. Keyneke, Biddulphsberg, Senekal.

ARTAPPELMOERE. — Uitgesoekte ARRAN CHIEF, gewaarborg skoon, eier en okkerneut grootte. Prys 25/- per 100 pond, op stasie gelewer. Bestel dadelik. G. TERBLANCHE, UITKYK, GEORGE.

'N GULDE KANS

DRIE GOEDBETALENDE AFRIKANER BESIGHEDE WORD TE KOOP AANGEBIED:— KRUIDENIERS- EN VARSPRODUKTE:— Besonder goedgeleë in stad, goeie naam en Klandisie. Kapitaal nodig ongeveer £500. Volle besonderhede verkrygbaar. MELKWINKEL:— Netto profyt £16 per maand vir 'n belegging van £120. Kan uitgebrei word. SKOENE-HERSTEL-PLAAS:— Eersteklas besigheid met volle toerusting, masjienerie, ens. Kapitaal nodig ongeveer £300. DOEN NAVRAAG. Posbus 2363 of Skakel 3-2083, KAAPSTAD.

Uitgee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Grootte Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Lam, Stellenbosch.

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

alle moderne geriewe

Billike Terme

Elenares: MEV. P. J. RETIEF,

Foon 2-3838

Ons Ontmoet alle Treine.

Kloofstraat, Kaapstad.



'N VOORBRAND PRODUK

TANS IN VIER

VERPAKKINGS:

GEEL — lig

BLOU — middel

ROOI — ligswaar

GROEN — donkerpyp

Voorbrand

Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.

Kommissarisstraat 200

JOHANNESBURG

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG, Tvl.Herefordstraat,
GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotore

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

HAVENGA SE MOTORS

Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARREGoeie en billike bediening
Posbus 45 — CERESEGTE BOSSIEVELD DROË FYN
KAROO-KRAALMIS

Gemaalde mis	29/-
Mis en misas gemeng (Potas-mengsel)	39/-
Misas (Potas)	39/-

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke gelewer vry op spoor Klipplaat-Stasie. Die mis is droog hamerneul-gemaald spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.

B. J. ROODE

Posbus 15

KLIPPLAAT

MARKAGENTS KAP

Vroeë Mōre Mark

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of soos
verlang.

Beste Heersende Pryse.

MINNAAR & VAN SCHOOR.

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.